COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg Nuus/News

PRICE R12.00

23 Mei 2025

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

252ste Uitgawe

page 4

page 5

page 7

page 13

page 15




TMS BOUERS

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za

Since 1999

NHBRC NO: 3000265163 REG NO: 1999/031335/23


# Dames bring Lig en Hoop

Vanjaar se L2L (*Lighthouse 2 Lighthouse Ladies*) se hoofstap vanaf Agulhas Lighuis na Danger Point Lighuis (100km oor 4 dae) was ten bate van Huis Lettie Theron Tehuis vir Bejaardes in Hermanus. Hulle oefenstap vooraf was ten bate van BARC (*Birkenhead Dierereddingsentrum*) in Gansbaai en KAWS (*Kleinmond Dierewelsynsvereniging*) in Kleinmond. Hierdie oorhandigings het weer diep dankbaarheid tot gevolg gehad.

Die L2L-Superdames het, tydens 'n prestige funksie in Hermanus Gholfklub se saal, die enorme bedrag van R700 000 aan Huis Lettie Theron in Hermanus oorhandig - dít wil gedoen wees! Om hulle liefde en omgee vir diere te bevestig, het BARC en KAWS elk 'n groot hupstoot van R20 000 elk met groot dankbaarheid ontvang!

***Artikel volg op bladsy 2***




***R700 000 vir Huis Lettie Theron.***


BATTERY CORP

WE STOCK THE FOLLOWING

- ALL AUTOMOTIVE BATTERIES
- DEEP CYCLE GEL BATTERIES
- LITHIUM BATTERIES
- GOLF CAR BATTERIES
- MOTORCYCLE BATTERIES
- SOLAR PANELS
- INVERTORS

DEKRO PAINTS

- ALL MARINE PAINTS AVAILABLE AT BATTERY CORP

WWW.BATTERYCORP.CO.ZA 25 MAIN RD GANSBAAI 083 286 8040 WWW.DEKRO.CO.ZA







*R20 000 elk vir BARC en KAWS.*



*Frieda Lloyd saam met die organiseerders, Jennie Vorster, Karin Butler en Tamara Stofberg.*



*Glenda Kitley, Mark Robson, Julia Barlow en Mossie Mostert.*

"Ons hoofbegunstigde vir 2025 is Huis Lettie Theron Tehuis vir Bejaardes," het Tamara Stofberg van die L2L Dames gesê. "Hulle beplan om die geestesgesondheidsorgeenheid uit te brei vanaf akkommodasie vir 16 persone tot 23 persone." Die Tehuis beplan ook 'n meer funksionele en aangepaste eetarea, wat verskeie funksies, soos 'n leefarea, toegewyde besoekarea en ontspanningsarea sal bied. "Die twee oorblywende begunstigdes, BARC en KAWS, is deur die L2L-stappers self gekies om hulle met die versorging van ons diere te ondersteun," het Tamara gesê.

Die funksie het gesellig verloop en die borge, stappers en ander gaste het hulself terdeë geniet. Die drie hoof-organiseerders, Tamara Stofberg, Karin Butler en Jennie Vorster het om die beurt oorhandigings en bedankings gedoen. 'n Groot hoeveelheid geskenke is as blyke van waardering aan borge oorhandig.

Die smaaklike ete is op 'n interressante wyse aangebied. Kleurkaarte is as die 'menu' met óf '*Butter chicken*' met bykomstighede, óf '*Braised beef short ribs*' met bykomstighede is deurmekaar aan die gaste uitgedeel. Die kaart wat voor jou beland het, was jou 'bestelling' - heel prettig en interessant, maar altwee die geregte was puik! As nagereg is '*Red velvet cupcakes*', met 'n verleidelike, room-kaasversiersel bo-oor, bedien. Die L2L-Superdames (Lighthouse 2 *Lighthouse Ladies*) is 'n nie-winsgewende, geregistreerde groep dames in Hermanus, Wes-Kaap. Hulle is by 'n hele aantal fondsinsamelingsprojekte betrokke, waarvan die belangrikste een die jaarlikse 100km-stap oor 4 dae ten bate van 'n liefdadigheidsorganisasie is. Hulle beskou hulself nie as 'n liefdadigheidsorganisasie nie, maar as 'n entiteit om fondse vír liefdadigheid in te samel. Die keuse van 'n begunstigde organisasie, is 'n oop proses waar gevra word vir bepaalde voorstelle, met die nodige motivering. Die dames wat stap, stem dan vir die begunstigde wat hulle wil ondersteun. Die naaswenner/s ontvang 'n bedrag uit die opbrengs van hulle amptelike oefenstap wat voor die hoofstap plaasvind. Om hierdie fondse in te samel, moet elke deelnemer wat die L2L wil stap, 'n borgskap van minstens R4 000 insamel, met sommiges wat selfs baie meer insamel. Besighede word ook vir borgskappe genader. Die L2L Ladies word allerweë as 'n groep gewaardeerde en gerespekteerde dames in die Overstrand-gemeenskap beskou. Besoek gerus hulle webtuiste by https://lighthouse2lighthouse.co.za/product/l2l-awards-evening-2025/.

Die Redaksie van die Gans-Berg Nuus wens hierdie groep 'Supersterre' eerstens baie geluk met hulle suksesvolle stap, maar neem ook met dankbaarheid kennis van die mildelike skenkings aan genoemde organisasies - en ons sê uit een mond: "Bravo, L2L Ladies, bravo!"

**Hardus Botha**


**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Jongboer van die Jaar Finaliste

Agri Wes-Kaap is trots om die agt finaliste vir die 2025 Agri Wes-Kaap Santam Jongboer van die Jaar-kompetisie aan te kondig - 'n toekenning wat uitnemendheid, leierskap en volgehoue toewyding in die landboubedryf vier.




*Hermann Heins, Mario Lombard, Jaco Bruwer, Francois Rossouw, Musa Mfengu, Gordon Anderson, Andrè Swanrpoel en Niel Bruwer.*

Dié finaliste is nie net jonk nie, maar reeds gevestigde produsente wat 'n waardevolle bydrae tot hul gemeenskappe en die Wes-Kaapse landbou-ekonomie lewer.

**Hulle is:**

*André Swanepoel (28), wat reeds 7 jaar in die Langeberg-gebied met sitrus, steenvrugte, wingerd en groente boer;

*Francois Rossouw (30), met 6,5 jaar ondervinding in die Hexriviervallei, waar hy tafeldruiwe op 310 hektaar produseer;

*Gordon Anderson (36), wat reeds 16 jaar met appels en pere op 83 hektaar in die Overberg boer;

*Hermann Heins (25), wat 125 hektaar wingerd en 450 varksôe in die Stellenbosch-streek bestuur;

*Jaco Bruwer (25) van Barrydale, wat reeds 5 jaar met perskes, nektariens, pere, appelkose, suurlemoene en pampoene boer;

*Mario Lombard (39), 'n ervare boer van George, wat avokado's en vleisbeeste bestuur en hy boer al vir 19 jaar.

*Musa Mfengu (39), van Tulbagh, wat op 36,6 hektaar bloubessies produseer en reeds 13 jaar in die bedryf is;

*Niel Bruwer (37) van die Ceres/Hamlet-gebied, met 15 jaar ervaring. Sy onderneming sluit in droëvrugte op 90 hektaar en kernvrugte op 145 hektaar.

Volgens die beoordelaars se sameroeper, Inus Oosthuizen, is die beoordelaarspaneel opgewonde oor die komende besoeke aan die finaliste se plase: “Elke jaar word ons verras deur die gehalte van jong boere in ons provinsie - en vanjaar is geen uitsondering nie. Wat hierdie groep besonders maak, is die diversiteit van boerderye wat ons gaan besoek - vanaf bloubessies tot varke, en van tafeldruiwe tot avokado's. Ek sien uit daarna om eerstehands te beleef hoe hierdie boere in hul onderskeie velde uitblink.”

Die wenner van die 2025 Agri Wes-Kaap Santam Jongboer van die Jaar-kompetisie sal op 11 Junie aangekondig word. Die provinsiale wenner sal die Wes-Kaap dan verteenwoordig in die Nasionale Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie wat later vanjaar plaasvind.

Vir navrae kan Rojeanne de Wet, Skakelbeampte, by 071 170 3744 gekontak word, of stuur 'n epos aan haar by rojeanne@awk.co.za.









# Naledi se 2de jaar vir Andrew Murrayprys-boek



Cas Vos

Naledi Uitgewers van Johan Coetzee het vir 'n tweede jaar na mekaar 'n boek uitgegee wat die Andrew Murrayprys gewen het - *Geloofsgedigte* deur Cas Vos waarmee hy die Andrew Murrayprys 2025 gewen het.

Cas Vos is 'n bekende digter, vertaler, teoloog en akademikus. Hy is uitnemend toegerus om 'n boek oor die Psalms, wat geloofsgedigte is, te skryf. 'n Kenmerk van hierdie boek is dat die skrywer al die vermelde literatuursoorte wat hy gedurende sy loopbaan uitmuntend bemeester het, gesamentlik op so 'n wyse aanwend dat hulle mekaar onderling aanvul en verdiep.

Cas ontsluit die Psalms deur 'n verhelderende toeligting van die digterlike tegnieke wat die Psalmdigters gebruik het. Hiermee word dit vir die leser moontlik om die woning van die Psalms met verwondering te betree. Die Psalmreis laat die leser op die melodie van Psalm 150 die groot hosannas op die Here sing. *Geloofsgedigte* sal die leser boei en verras en nuwe insigte op sy/haar lewensreis gee.


Cas Vos se eerste bundel het in 1999 verskyn. Sedertdien het hy talle digbundels die lig laat sien en ontvang hy die Andrew Murrayprys en die Pieter van Drimmelen-medalje. Hy verower ook Die Orde van die Goue Pen van Cordis Trust vir sy literêre werk. Onlangs was sy vertaling van Hooglied uit Hebreeus in Afrikaans op die kortlys vir die Andrew Murrayprys en in Maart 2024 is sy nuutste digbundel, *Wisselende Stemminge*, ook deur Naledi uitgegee.




**Hardus Botha**




# Brief aan die Redakteur Dankie, Gansbaai


Albert & Marie Potgieter

Hierdie is gelukkig nie 'n afskeidsbrief aan enigeen nie. Hopelik sal Hardus Botha nog baie insette van my vir die Gans-Berg Nuus aanvaar. Ek begin - ongeveer dertig jaar gelede, ná 'n dienstydperk van 36 jaar, het my destydse werkgewers nuwe reëls ingestel waaraan ek nie meegedoen het nie. Ek het verkies om met vroeë pensioen af te tree en is toe daar weg. Ek en my vrou, Marie, is toe in 1998, sowat 27 jaar gelede, sak en pak na Gansbaai toe, waar ons huisie by De Kelders al jare op ons gewag het. Dis die beste skuif wat ons ooit kon gemaak het.

Dit het bietjie tyd geneem, maar ek glo aan 'Gister is verby en vergete - Vandag is wat saak maak!' Beplan vir more. Ons het gou tuisgeraak. Marie het sommer gou met die vestiging van haar 'Fantasie-Tuin' begin en tot vandag toe ontvang ons gaste en vriende wat dit saam met ons geniet. (*Redaksionele kommentaar: Marie het al pryse met haar 'Fantasie-Tuin' losgeslaan!*) Wanneer ek van die see af kom, is dit tyd om huisies vir die tuin aanmekaar te timmer of om iets reg te maak. Ek is bly om te kan sê dat sy haar hier ten volle uitlewe. Die see en wat daarmee saamgaan, is vir ons baie belangrik en dit sal altyd deel van ons bly.

Daar kan altyd iets verkeerd loop. Ek onthou toe ek eenkeer met 'n baie klein bootjie op see, redelik na aan die kant, gelê het. Skielik het ek hierdie hoë en baie lang brander gewaar wat baie vinnig en met 'n geweldige geraas op my afgepeil het. Ek het toe kon uitmaak dat dit 'n baie groot skool dolfyne is wat op my afgestorm het. Ek was seker dat hulle my nie eers sou gewaar nie en net bo-oor my sou swem. Toe nie! Hulle het stadig onder my deurgeseil en ek het kalm met my bootjie bly lê. Weer eens het ek 'n skietgebedjie moes opstuur. Ek is op pad 84 toe en sal nog gereëld wil uitgaan see toe. Ek verbeel my egter dat ek vroeër jare heelwat fikser was - seker wel verbeelding! (*Redaksionel kommentaar: Albert is lankal 'n 'hardebaard' visserman wat weet wat om op see te maak, en was ook ons Hengelrubriek-skrywer vir baie jare.*)

Ek onthou nog toe ons met Hamerkop en oorlede Jan Tand as skipper, die oggend ongeveer 3-uur vanaf Kleinbaai-hawe Holbaai toe is. Op pad soontoe het die sonstrale, soos dit bo-oor die berge en tusen die wolke deur geskyn het, vir 'n wonderlike vertoning gesorg het. Ons het stadig beweeg en die fosforstrepe van die bewegende visse was duidelik sigbaar. Jy móés eenvoudig in 'n Hoër Hand glo!

Hierdie bydrae van my is om dank te betuig aan almal hier. Ook die goeie vriende van ons, julle is uitsonderlik en ons waardeer julle. Ook wanneer ons die sonsondergange, wat ons vanaf ons huis dophou, dan besef ons hoe uitsonderlik dit is. Dankie ook aan die redaksie van Gans-Berg Nuus vir die voorreg wat ek gehad het om vir baie jare hengelrubrieke te kon skryf - dit was die beste tyd van my lewe hier.

Ek en Marie sê dankie Gansbaai en inwoners, julle is spesiaal!
**Albert & Marie Potgieter**

# Overberg in kollig met Wêreld-Fotografiemaand

*Die PSSA-logo wat al 70 jaar in gebruik is.*

Wêreld Fotografiedag word die afgelope 35 jaar op 19 Augustus wêreldwyd gevier om die dag toe die Daguerrotipe patent aan alle fotograwe beskikbaar gestel is, te gedenk - dit het die era van moderne fotografie ingelei. Gedurende Augustusmaand vanjaar word fotografie wêreldwyd gedenk en in Suid-Afrika sal die kollig helder op die Overstrand val - in Struisbaai, asook in die Bredasdorp Skeepswrakmuseum.

Drie belangrike gebeure van belang vir fotograwe en belangstellendes vind gedurende Augustusmaand plaas: die jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse verteenwoordigende fotografiese organisasie, *Photographic Society of South Africa* (PSSA), word van 11 tot 15 Augustus 2025 in Struisbaai in die NG Kerk Suidpunt aangebied; 'n uitstalling van 70 fotos, wat gekies is ter viering van die 70ste bestaansjaar van PSSA, sal die hele maand in die Bredasdorp Skeepswrakmuseum gesien kan word; 'n kompetisie is van stapel gestuur om 'n nuwe logo vir PSSA te ontwerp en sluit op 31 Augustus 2025, met R15 000 op die spel vir die wenner.



*Die vooraanstaande Kanadese fotograaf, Freeman Patterson, een van die Kongres-spreker.*

Die kompetisie waarna verwys is, is 'n verdere viering van PSSA se 70ste bestaansjaar - 'n nuwe logo vir die organisasie moet ontwerp word. Die kompetisie is oop vir almal en dit hoef nie 'n professionele ontwerper te wees nie. Die oogmerk is om 'n nuwe, innoverende, logo te vind wat dadelik herkenbaar sal wees as die embleem van 'n oorkoepelende, verteenwoordigende, fotografiese vereniging. Die kompetisie sluit 31 Augustus 2025 en daar is geen beperking op die aantal inskrywings per persoon nie. Inskrywings is gratis. Die webtuiste vir PSSA se geskiedenis is: www.pssa.co.za. Vir reëls en inskrywingsvorms, besoek https://pssa.co.za/pssa-logo-competition/.

Elf vooraanstaande sprekers en kaartjies om die museum in Bredasdorp te besoek, asook fotografie-uitstappies is ook deel van die reëlings. Die kongres is oop vir alle belangstellendes en nie net vir PSSA-lede nie. Vir meer inligting kontak Nicol du Toit: nicol@sportstrader.co.za of 082 377 8285, of Trudi du Toit: trudi@sportstrader.co.za of 082 572 6127.

Die Gans-Berg Nuus sal teen die einde van Julie 2025 'n verkorte weergawe van hierdie berig plaas om belangstellendes aan die besonderse geleentheid te herinner.

**Hardus Botha**

# Buffeljachts se Barmhartige Samaritane



*Pastoor Alet Abrahams*

Buffeljachts, 'vergete' doer in die verte, is nie sonder soortgelyke probleme as in hierdie omgewing nie. Daar is net soveel nood, armoede en mense met behoeftes aan voedsel op 'n daaglikse basis. Daar is twee Barmhartige Samaritane, past Alet Abrahams van die Bet-El Evangelie Kerk en haar dogter, Mi-Emma Elles, wat al sedert 2017 besig is met 'n 'sopkombuis' om aan die voedselnood aandag te gee - hulle was selfs gedurende die Covid-tydperk daarmee besig. Alet en haar dogter voorsien 3 keer per week sop en kospakkies aan sowat 130 mense - wat geen grap is om te doen nie!

"Die nood by ons is groot en ons vra belangstellendes om ons asseblief te ondersteun," het Alet gesê. "Daar is baie individue en instansies in Groter Gansbaai vir voedsel- en klerenood, maar soms word daar van ons in Buffeljachts vergeet."

Belangstellendes wat bereid is om navraag te doen oor hoe hulle dié twee Barmhartige Samaritane, wat op hul eie werk, te kan ondersteun, kan gerus vir Alet na 17:00 bedags by 071 966 0340 skakel, of gaan loer gerus daar in om self ondersoek in te stel.

**Hardus Botha**

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

# How to Support Local Businesses in the Quiet Season

It feels like yesterday we were rushed off our feet at work, queuing at packed grocery stores, trying to find a table at our favourite restaurant or searching for an empty parking spot.
Now that summer's heat and hustle have settled, winter has brought its familiar hush to the Overberg. As the temperatures drop, so does foot traffic, business activity, and the general buzz. However, the slower season creates an opportunity to build on the core of what makes our daily lives work - our community and collective efforts.
So, get comfortable with us and explore simple ways to help support local businesses in the quiet season.

**Build Strength in Slower Seasons**
Winter can be challenging for small businesses. With seasonal dips in spending, many local entrepreneurs rely on community support to keep going.
That's why it matters when businesses recommend each other, share customers, and look out for their neighbours.
Here's how it looks in action. A guesthouse owner suggests a cosy local restaurant running winter specials. That restaurant, in turn, hands out brochures for the guesthouse, while staff enthusiastically promote local events and activities to encourage visitors to have the best time during their stay. Everyone benefits, and visitors appreciate experiencing the town like a local does.

**Be the Golden Link in the Local Chain**
There really is enough for everyone, especially when we share.
Picture this: it's a rainy Sunday, and a homeowner needs urgent help with a burst geyser. Their usual plumber is out of town and unavailable, but instead of ignoring the message, he forwards the contact details of a fellow plumber who can assist. Nobody showers cold on his watch! Later, when that same plumber goes on holiday, guess who gets recommended in return?
These small gestures build something powerful: reliability and connection.

**Create Interest in Social Events**
When winter rolls in, many artists retreat indoors, and live entertainers like musicians and DJS face a quieter calendar.
Now is the ideal time to support the local talent who partner with restaurants, pubs, and community spaces to create cosy events. You might not always feel like braving the cold, but showing up helps - and hey, it gets you out of your slippers for the night.
Whether it's an intimate art night, live acoustic session, or poetry evening, your presence helps keep the creative fire burning.

**Help the Less Fortunate: It's Easier Than You Think**
Winter doesn't only affect businesses - it can be especially hard for those already facing tough times.
The quieter months offer a meaningful opportunity to lend a hand. Many Overberg towns run soup kitchens, collect blankets, or host fundraising drives that rely on volunteers, donations, and word-of-mouth to succeed.
Want to help? Drop off a bag of groceries, donate warm clothing, or share an event online. Small actions add up. And when you help bring warmth into someone's life, you're doing more than giving back, you're building a community that looks after its own.
Use Community Platforms Like Xplorio and Gans-Berg Nuus / News
Getting the word out can make all the difference whether you're promoting an accommodation special, hosting a jazz evening, or collecting food and blankets.
Platforms like Xplorio and Gans-Berg Nuus / News make it easy to promote special offers, upcoming events and charitable causes.

xplorio COMMUNITY *The Power of Community*

**Keep the Overberg Spirit Burning This Winter**
Even in the off-season, your everyday choices have power.
If your business can't help a customer, point them to someone who can. Recommend the café up the road, the craftsperson in the next town, the farm stall still baking bread each morning, or the band playing live at the market this weekend.
And yes, while we all love the ease of online shopping, maybe pause before hitting 'Add to Cart' on e-commerce marketplaces and big box sites. That same order could be someone in your town's lifeline, helping keep the lights on and settle the next vet bill.
Winter isn't just for hibernating. It's our time to pull together, support one another, and keep our community thriving until the busier days return.
**Need Help Spreading the Word?**
Contact Xplorio or Gans-Berg Nuus / News to learn how marketing can help build a more resilient community.

Xplorio - info@xplorio.com
072 519 2138
Gans-Berg Nuus / News
design@gansberg.co.za
028 205 0100

Gans-Berg
"News That Speaks to You.
From breaking stories to inspiring features — everything you need, every day."
info@gansberg.co.za / 028 205 0100 / www.gansbergnuus.co.za

# A Quarter Centuary of Excellence Marine Dynamics



*A Great moment of celebration.*

On 10 May 2025, under stormy skies and at the southernmost golf course in Africa, Marine Dynamics marked its 25th anniversary in style. Guests braved the first winter gale to join them at Gansbaai Golf Course for a celebration overflowing with pride, gratitude - and, truly, “a sea of emotion”. From 25 years of boat-based whale watching to 20 years of diving with and protecting sharks, and from the founding of the Great White House and the Dyer Island Conservation Trust to the creation of the African Penguin & Seabird Sanctuary, every milestone represents their unwavering commitment to protecting South Africa's unique marine heritage.

Christine Wessels, PR and Personal Assistant to the CEO of Marine Dynamics and Founder of the Dyer Island Conservation Trust, Wilfred Chivell, served as master of ceremonies. She opened the morning by thanking every partner, scientist, guest, and government representative who has shaped Marine Dynamics' journey. “This celebration is as much yours as it is ours,” she reminded the audience, before introducing Alderman James Vos of Cape Town's Economic Growth Committee. Alderman Vos's keynote underscored the vital link between the Western Cape's economic success and marine tourism.

CEO and founder, Wilfred Chivell, recounted how, after losing everything in the late-'90s financial crisis, he borrowed vehicles and scraped together funds to launch boat-based whale watching. Today, Marine Dynamics employs 130 people and sails a fleet of eight vessels. Christine then highlighted Wilfred's pivotal fight against a proposed nuclear power station at Bantamsklip in 2010 - where his “Save Bantamsklip” campaign helped protect irreplaceable marine life. “A powerful example of how science - and fearless advocacy - can safeguard our heritage,” she said, introducing the marketing team whose purposeful campaigns amplify that message worldwide.



Executive Marketing Manager Zile de Kock and Marketing Manager Cari Roets shared insights into their award-winning international campaigns. Susan Visagie (CFO and owner of the Great White House Restaurant) treated us to time-lapse footage of Susy the Whale - the skeleton of an adult Southern Right Whale now suspended in the restaurant's ceiling. Susan then introduced Chef Chris Pead, whose foraging-inspired menu exemplifies the region's deep culinary roots.

*Wilfred Chivell with his personal assistant and MC of the event, Christine Wessels*



The 10th anniversary of the African Penguin and Seabird Sanctuary was also celebrated. Senior Bird Ranger Lwando Baleni shared what life on Dyer Island truly entails. Wilfred's son, Dickie Chivell, shared his fondest memories of growing up in the seas off Gansbaai. Following him, Sanchia Chivell - Wilfred's daughter - shared her own cherished recollections of time at sea and on land.
In her closing remarks, Christine reflected on the “ecosystem of change” that Wilfred and CFO Susan Visagie have built - a business that's a force for good, a conservation trust, and a sanctuary all rolled into one. She thanked every team member, scientist, supplier, and supporter, then invited Wilfred and Susan back on stage to receive a photograph and flowers. The team of the Gans-Berg news also would like to congratulate Wilfred Chivell, Susan Visagie and their amazing teams for what the've don deur the past 25 years.
The complete article has been shortened, but it is a must to visit the following website:
https://sharkwatchsa.com/a-quarter-century-of-excellence-celebrating-25-years-of-marine-dynamics/



*Wilfred Chivell and Susan Visagie with their gift.*

**Christine Wessels**

BUCO
HARDWARE · BUILDWARE
LET'S BUILD TOGETHER


Poegie (Scooter) vir Poegie-uitdaging.

# Supporting our community


Kobus Geyser, Marius Alberts, Neil Mulder, Eugene du Randt en Manny de Bruyn.

BUCO
HARDWARE · BUILDWARE
LET'S BUILD TOGETHER


(Buco Gansbaai se nuwe Takbestuurder) Eugene du Randt.


(Sweetpakke vir Black Leaves Rugby Klub se 1ste en 2de spanne is geborg) Elton Dickson en Eugene du Randt.


(Deure van Masakhane Primary Shool wat vervang is.) Neil Mulder, Bulelwa Cweba (Skoolhoof), Marco Gildenhuys en Eugene du Randt.


Graad 1 Leerders van Gansbaai Laerskool ontvang pennesakkies en Skryfbehoeftes.


Graad 1 Leerders van Masakhane Laerskool ontvang pennesakkies en skryfbehoeftes.

# CLASSIFIEDS

## CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

## GansBerg Nuus/News

newspaper on the shelves every Friday

## HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:

Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

## Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM

Anglo Windows

new for old
we open windows for you

*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

## Maintenance Man

*Noem dit en ons doen dit!*

Kontak Deon: 076 838 2890

## Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



## ADVERTISE HERE

CALL US
078 010 8286

## VIBRACRETE MURE
## Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

## BOSMAN VERWERS

Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak




Hennie & Elana Bosman

082 570 0907 / 082 533 3580

## Put your advert here
## Contact us as 078 010 8286

## HULP MET VUURWAPENLISENSIES

Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za



## GANSBAAI PROPERTIES

028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*

## DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?

UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS

EVERY WEDNESDAY @ 19:00

GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET

THERE IS HELP...

060 597 5419
078 307 7783

## CONTACT US TO ADVERTISE:


Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za



# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS

## Colour me in....




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | 9 | | 2 | | 5 | | 4 |
| 2 | | 4 | | 1 | | | 7 | |
| | | 1 | | 3 | | | 6 | |
| | | | | | | 6 | 2 | 3 |
| 6 | | | 8 | | 3 | | | |
| | | | | | 9 | | 4 | |
| 8 | 4 | | | | | | 9 | |
| | | | 1 | | 7 | | | |
| 1 | | 6 | | | | | | |

G E T S M A R T K E R T R A T S L
E K N E M A O A M S E X R V T B I
S N F D R V D A Z O N G P H J Q G
X I X R J E G W G N Y O E A I A F
A G F Q A N H F Z X A B S T S L I
L H Q B U G T W M Q R N Q N O O L
Y T K M A E G O E A H C O W E R L
T R P U Y R S L D S E A R B I B L
I I O N N S E Y E M L I C G M N I
C D R V O G B T F R A E T Y A P B
N E C L G U F R T L O A T A R F Y
I R B V N O S U F A H C S S A C C
P M K C O L T A M T I V K D L O J
S I H Z O R R O T H E X F I L E S

AIRWOLF -ALF -AMEN -AVENGERS -BARETTA -BENSON -BLOSSOM
BONANZA -CYBILL -FRAGGLE ROCK -GET SMART -KNIGHT RIDER
KUNG FU -LARAMIE -MAGNUM P I -MATLOCK -SPIN CITY -ST ELSEWHERE
STAR TREK -THAT GIRL -THE BRADY BUNCH -THE X FILES -ZORRO

## ANSWERS



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 4 | 2 | 1 | 9 | 7 | 3 | 6 | 5 |
| 1 | 9 | 3 | 2 | 5 | 6 | 7 | 8 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 3 | 8 | 4 | 9 | 1 | 2 |
| 3 | 5 | 9 | 7 | 6 | 2 | 8 | 4 | 1 |
| 4 | 1 | 6 | 9 | 3 | 8 | 5 | 2 | 7 |
| 7 | 2 | 8 | 5 | 4 | 1 | 6 | 9 | 3 |
| 6 | 3 | 5 | 4 | 2 | 9 | 1 | 7 | 8 |
| 9 | 7 | 4 | 8 | 1 | 5 | 2 | 3 | 6 |
| 2 | 8 | 1 | 6 | 7 | 3 | 4 | 5 | 9 |

# OVERSTRAND MUNICIPALITY / OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

**Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancies:**

## SENIOR ACCOUNTANT: PAYROLL

**Directorate:** Financial Services
**Department:** Expenditure
**Reference numbers:** WC0320070
**Basic salary:** R451 032 p.a.
**Employment type:** Permanent
**Place of Work:** Hermanus

**Requirements:** • A relevant 3-year tertiary qualification, preferably a National Diploma or B. Com with Financial Accounting as a major subject • Communication skills in at least 2 (two) of the 3 (three) official languages of the western Cape • Advanced computer literacy in MS Office (MS Word, MS Excel) and payroll systems • 5 – 8 (five – eight) years' relevant payroll experience which includes 2 (two) years of supervisory experience.

**For further information please contact Mr. J Vorster on 028 313 8046.**

**Municipal Notice number 94/2025**

## ACCOUNTANT: RATES AND DATA CONTROL

**Directorate:** Financial Services
**Department:** Rates and Data Control
**Reference numbers:** WC0324826
**Basic salary:** R400 608 p.a.
**Employment type:** Permanent
**Place of Work:** Hermanus

**Requirements:** • A relevant 3-year tertiary qualification, preferably a National Diploma or B Com with financial accounting as a major subject • Ability to manage subordinates • Computer literacy: MS Office • Communication skills in 2 (two) of the 3 (three) official languages of the Western Cape • 2 – 5 (two – five) years' relevant experience in Municipal Finance Environment.

**For further information please contact Mrs. E Hooneberg on 028 313 8149.**

**Municipal Notice number 95/2025**

**Gekwalifiseerde persone word hiermee uitgenooi om vir die onderstaande vakatures aansoek te doen:**

## SENIOR REKENMEESTER: BETAALSTAAT

**Direktoraat:** Finansiële Dienste
**Departement:** Uitgawes
**Verwysingsnommer:** WC0320070
**Basiese Salaris:** R451 032 p.j.
**Indiensnemingstatus:** Permanent
**Standplaas:** Hermanus

**Vereistes:** • 'n Relevante 3-jaar tersiêre kwalifikasie, verkieslik 'n Nasionale Diploma of B. Com met Finansiële Rekeningkunde as hoofvak • Kommunikasievaardighede in ten minste 2 (twee) van die 3 (drie) amptelike tale van die Wes-Kaap • Gevorderde rekenaargeletterdheid in MS Office (MS Word, MS Excel) en betaalstaatstelsels • 5 – 8 (vyf – agt) jaar se relevante betaalstaatondervinding wat 2 (twee) jaar toesighoudende ondervinding insluit.

**Vir verdere inligting kontak asseblief Mnr. J Vorster by 028 313 8046.**

**Munisipale Kennisgewingnommer: 94/2025**

## REKENMEESTER: BELASTING EN DATABEHEER

**Direktoraat:** Finansiële Dienste
**Departement:** Belasting en Databeheer
**Verwysingsnommer:** WC0324826
**Basiese Salaris:** R400 608 p.j.
**Indiensnemingstatus:** Permanent
**Standplaas:** Hermanus

**Vereistes:** • 'n Relevante 3-jaar tersiêre kwalifikasie, verkieslik 'n Nasionale Diploma of B Com met finansiële rekeningkunde as hoofvak • Vermoë om ondergeskiktes te bestuur • Rekenaargeletterdheid: MS Office • Kommunikasievaardighede in 2 (twee) van die 3 (drie) amptelike tale van die Wes-Kaap • 2 – 5 (twee – vyf) jaar toepaslike ondervinding in Munisipale Finansiële Omgewing.

**Vir verdere inligting kontak asseblief Mev. E Hooneberg by 028 313 8149.**

**Munisipale Kennisgewingnommer: 94/2025**

**To view detailed advertisement with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**Closing date: 4 June 2025**


DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

**Besoek Overstrand Munisipaliteit se webtuiste by www.overstrand.gov.za vir die volledige advertensies, met al die toepaslike inligting vir die bogenoemde vakatures.**

**Sluitingsdatum: 4 Junie 2025**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200






## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 23/05/2025 | Saturday 24/05/2025 | Sunday 25/05/2025 | Monday 26/05/2025 | Tuesday 27/05/2025 | Wednesday 28/05/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 19° | 20° | 19° | 18° | 16° | 18° |
| Gentle breeze 5 m/s from east 0 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south 0 mm precipitation. | Strong Breeze 5 m/s from west 0.3 mm precipitation. | Moderate Breeze 7m/s from north-west 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 23 May | 1221 | 0036 | 0613 | 1820 |
| 24 May | 1313 | 0126 | 0703 | 1911 |
| 25 May | 1401 | 0200 | 0750 | 2000 |
| 26 May | 0213 | 1446 | 0834 | 2047 |
| 27 May | 0259 | 1532 | 0918 | 2134 |
| 28 May | 0345 | 1617 | 1002 | 2221 |
| 29 May | 0430 | 1704 | 1046 | 2311 |
| 30 May | 0518 | 1753 | 1131 | 0005 |
| 31 May | 0608 | 1845 | 1220 | 0106 |
| 1 June | 0703 | 1944 | 1314 | 0200 |
| 2 June | 0808 | 2049 | 0217 | 1418 |
| 3 June | 0924 | 2159 | 0333 | 1529 |
| 4 June | 1041 | 2302 | 0443 | 1637 |
| 5 June | 1144 | 2355 | 0540 | 1735 |

## Meimaand is tradisioneel Verpleegstersmaand

- en wat 'n wonderlike voorreg is dit nie om hierdie mense diep vanuit die harte van die gemeenskap te bedank vir die wonderlike werk wat deur hulle verrig word.
Hierdie dankbaarheid word ook vanuit die geledere van ons span by die Gans-Berg Nuus aan ons verpleegsters oorgedra.



*Stanford Kliniek Susters*

## CapeNature's roll in conservation

"CapeNature is a public institution mandated to promote and ensure biodiversity conservation within the Western Cape and is the custodian of the Cape Floristic Region," says Petro van Rhyn, General Manager: Advocacy.

Petro told the Gans-Berg News that the entity manages most of the mountain catchments and reserves that supply ecosystem services to the citizens of the Western Cape. This requires good scientific data, a sound understanding of fynbos ecology and commitment to the principles of integrated biodiversity management and planning. "Most of this work is in remote areas out of the public eye but has a direct bearing on the quality of life of millions of people in the province," she said. Petro van Rhyn can be contacted at 071 231 7576, or send an email to her at pvrhyn@capenature.co.za.

Read in this edition of the Gans-Berg News about the amazing story of the elusive Boosmansbos long-tailed forest shrew, one of the Western Cape's most mysterious mammals, which was recorded for the first time in 46 years - he made a reappearance, 46 years after it was last recorded! This was done by CapeNature Conservationists from CapeNature, Grootvadersbosch Conservancy and Helihack, together with volunteer biologists.

**Hardus Botha**

### OVERSTRAND MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / UMASIPALA

**NOTICE IS HEREBY GIVEN** that an **ORDINARY MEETING** of the **OVERSTRAND MUNICIPAL COUNCIL** will be held in the **BANQUETING HALL, CIVIC CENTRE, HERMANUS** on **THURSDAY, 29 MAY 2025** at **10:00.**

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat 'n **GEWONE VERGADERING** van die **OVERSTRAND MUNISIPALE RAAD** gehou sal word in die **BANKETSAAL, BURGERSENTRUM, HERMANUS** op **DONDERDAG, 29 MEI 2025** om **10:00.**

**OKU KUKWAZISA** ukuba **INTLANGANISO YESIQHELO yeBHUNGA LIKAMASIPALA WE-OVERSTRAND,** iza kuba se **eBANQUETING HALL, KWIZIKO LOLUNTU, eHERMANUS uLWESINE,** Umhla we **29 MEYI 2025** ngeye-**10:00.**

**MUNICIPAL MANAGER / MUNISIPALE BESTUURDER / UMPHATHI KAMASIPALA**
**NOTICE/KENNISGEWING/ISAZISO 92/2025**

## Medical 911

CMC Critical Medical Care
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON | OVERBERG

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

Overstrand Medical Response
More Than Just EMS
078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Opwindende Rugby en Netbal

Op Donderdag, 15 Mei het die Gansies na Laerskool Ovies in Caledon gereis vir 'n dag vol opwinding en spanbou - rugby en netbal en die kinders het hul alles in pragtige weersomstandighede gegee!

Die o/7-rugbyspan het 'n skitterende wedstryd gespeel en met trots gewen. Die o/8-, o/9-, o/11- en o/13-spanne het hard geveg, maar moes dié keer die knie buig. "Julle karakter en sportmangees bly iets om op trots te wees," sê die skool.

Die netbalwedstryde is net so op die heerlike en warm dag teen Laerskool Ovies geniet. Uitslae: o/7A verloor; o/8A verloor; o/9A verloor; o/10A wen; o/11A wen; o/12A en B verloor; o/13A verloor; 0/13B wen. Wen of verloor, LSG se Gansies kan steeds trots op hulself voel.

**Hardus Botha**






# LSG Landloop Liga 3





Die Landloop Liga 3 kompetisie van Woensdag, 14 Mei 2025 by Rûens Kollege, is as baie goed georganiseerd deur Laerskool Gansbaai (LSG) beskryf. Die Gansie-atlete het die skool weer eens trots gemaak met hulle uitslae.

Die volgende atlete het onder die top 6 posisies geëindig: Do/9 - Mieke Groenewald 2de en Pippa Pretorius 5de; So/10 - Micah Fisher 5de; Do/10 - Liëtte Kotze 3de en Isabella Beets 5de; Do/11 - Lucadin Jansen 4de; So/13 - Chris du Toit 5de; Do/13 - Esmé Collins 3de en Ninke Kotze 4de; Do/14 - Janica du Toit 5de. "Baie geluk aan elke atleet wat elke wedloop voltooi het - hou aan om so hard te werk en in jouself te glo! - LSG.

**Hardus Botha**

# Gansbaai Gholfklub



*Gavin Byl en Lionel Kemm.*

**Suksesvolle Energy Fund Fondsinsameling Gholfdag**

Die Energy Fund Fondsinsameling Gholfdag was 'n reuse sukses met 52 spelers wat deelgeneem het. Dit was 'n 2Ball American Scramble Stableford kompetisie, met Lionel Kemm en Gavin Byl wat met die louere weggestap het.

**Woensdag, 14 Mei:**
Johan Pieterse wen die Sloegters Enkel Stableford kompetisie met 40 punte, gevolg deur Dirk van Dyk 36, John Wellman 36, Anton Jordaan 32, Marietjie de Villiers 31, Berty Sassman 30, Joe Cesare 30, Rene Myburgh 30, Solly Wessels 30 en Leon Lombaard 30.

**Vrydag, 16 Mei:**
Pero Heyns wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 21 punte, gevolg deur Sakkie van der Merwe 20, JP Laubscher 19, Pieter Uys 19, Patrick Tavener 18, Willem Germishuys 17, Aileen Laubscher 17, Pietie Dry 16, Deon Momberg 16 en Koos Myburgh 16.

**Saterdag, 17 Mei:**
Lionel Kemm & Gavin Byl wen die 2Ball American Scramble Stableford kompetisie met 42 punte, gevolg deur Francois van der Merwe & Daniel van der Merwe 42, Jacques Nel & Charlie Bent 42, JP Laubscher & Melvin Tobias 42, Pieter Loubser & Willem Germishuys 42, Jeff Lotter & Walter Wallace 40, Tiaan Muller & Chris Muller 39, Johnny Stone & Jason Pretorius 39, Andre Hage & Corrie Avenant 38 en Joe Cesare & Anton Jordaan 38.



*Johan Pieterse*

Naaste aan die penne op no 8: Gavin Byl (geel bof) en Melvin Tobias (rooi bof).
Naaste aan pen no 15: Lambert Smith (geel bof).
Langste dryf op no 18: Jason Dollofield (rooi bof) en Francois van der Merwe (geel bof).
Hierdie was die Energy Fund Fondsinsameling Gholfdag en was 'n reuse sukses met 52 spelers wat deelgeneem het. Kenny Aitken het agter die stuur gestaan, en die komitee en lede bedank Kenny en Juanita wat gehelp het by die natgat, Gerty en Helga vir die manjifieke hamburgers wat hulle gemaak het, en Harbour on Deck vir pragtige pryse en vir die natgat. Die spelers het werklik 'n genotvolle dag geniet.

**Saterdag, 24 Mei 2025:**
Die se kompetisie is 'n Houespel.

**Verjaarsdae:**
Frans Conradie (22ste), Barbara Halse (22ste), Andrew Dalgleish (25ste), Malcolm Bury (28ste) en Morne Bester (29ste).

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**



*Pero Heyns*



# Sportsakke vir Black Leaves

**"Ons is opreg dankbaar vir hierdie netjiese en pragtige sportsakke wat Build-it aan ons geborg het," sê Juan Lewis, voorsitter van die Black Leaves Rugby Klub (BLRK. "Dit gaan baie handig te pas kom, baie dankie!" Op die foto is Warren Snell (BLRK speler) en Jay-Dee Kay Bokwana (BLRK visie-kassier) met die sportsakke wat deur Build it geborg is.**

**Hardus Botha**



Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford
2301 7238
6 001224 624601

# Sport




# 100ste parkrun vir Frans Botha




*Satisfaksie na die aksie: Frans en Lizette Botha*

Om 'n 50ste parkrun by Groeneweide te stap, is 'n groot prestasie, maar 'n 100ste parkrun is 'n absolute hoogtepunt onder die stappers - en dít is wat Frans Botha van De Kelders op Saterdag, 17 Mei 2025 gedoen het - baie geluk, Frans, ook vanuit die geledere van die Gans-Berg Nuus! Frans se eggenote, Lizette, het haar 91ste parkrun saam met hom gestap. “Ek sou graag my 100ste een saam met hom wou stap, maar om gesondheidsredes het ek 'n paar keer nie gestap nie,” vertel Lizette.

Frans (69) en Lizette (65) se gereelde mede-stappers, Annalien Swart, Willem Stoman en Gielie Genade, het hierdie mylpaal saam met Frans in Groeneweide restaurant gevier, met sy buurvrou, Sharon Bails van 'Vars vandag', wat spesiaal vir hom 'n koek met '100' bo-op gebak het - daar is sommer gesellige fees gevier. Sy vriend, Gielie Genade, het ook sy 100ste parkrun vroeër vanjaar voltooi.

Die Botha-egpaar is oorspronklik van Plumstead, Kaap en is nou sowat 4 jaar in De Kelders. “Ons het 'n stapklub gehad en het al van die moeilikste staproetes in die land, asook baie ander staproetes, aangepak,” vertel Frans. Hulle het ook die Garden Route Camino Pelgrimstog van Hoop in twee dele gestap: April 2024 vanaf Nature's Rest tot by Mosselbaai se Ligtoring; April 2025 vanaf Uniondale tot by Nature's Rest - sowat 280km - 'n fikse egpaar, dis verseker!

*Eindpunt: Frans en Lizette Botha*






*'n Hoogtepunt vir Frans Botha in Uniondale tydens 'n Camino-stap.*



*Frans Botha met sy '100'-koek, tussen John en Sharon Bails, met Lizette Botha voor*

Groeneweide parkrun se twee 'ysters', Henry en Brigitte Marais, met die samewerking van Groeneweide se plaaseienaars, Lonnie en Mathilda Roos, het gesorg dat die Groeneweide parkrun van krag tot krag gegroei het. Die 5km parkrun vind elke Saterdag vanaf 08:00 plaas. Daar is geen kostes aan verbonde nie en deelnemers kan stap, draf of hardloop, met beamptes wat 'n ogie hou. Belangstellendes kan ook gratis as lede op die parkrun-netwerk, parkrun.co.za, registreer.

**Hardus Botha**

OK Foods
Tel: 028 384 0001 GANSBAAI
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00
MYLAND BILTONG
OK Liquor
Tel: 028 384 0001
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00